# Die Byekorf

2017/01/18 Standerton Akademie



Geagte ouers

**Interhuis atletiek: Saterdag 21 Januarie 2017 by Hoërskool Vaalrivier**

Leerlinge moet asseblief om 07:30 op die pawiljoene by hul onderskeie spanbestuurders aanmeld. Beamptes meld om 07:30 aan by mnr. Van Deventer en mev. Prinsloo. Opening begin amptelik om 07:50 waarna die byeenkoms amptelik begin om 08:00. Alle ouers wat betrokke is by die kosstalletjies moet kontroleer met hul koördineerders oor hoe laat hulle spesifieke stalletjies begin. Ouers neem kennis dat alle leerlinge vanaf die 3 jariges tot graad 7 leerlinge aan die byeenkoms deelneem. Alle leerlinge sal 'n minimum van 3 items doen. Ondersteun asseblief u skool. Daar is heerlike eetgoed te koop soos byvoorbeeld: rib-burgers, sosaties, geroosterde toebroodjies, pannekoek en nog vele meer.

**Streeksatletiekbyeenkoms: Saterdag, 28 Januarie 2017 by Hoërskool Vaalrivier**

Na aanleiding van die leerlinge se prestasies volgens die ASA en Bekker tabel sal leerlinge se name na afloop van die byeenkoms bekend gemaak word vir deelname aan bogenoemde byeenkoms.



**Skaak**

Baie geluk aan Nadia Cronje, Elré Labuschagne, Marla de Jager en Martiens de Jager met hul skitterende prestasie tydens die afgelope vakansie se SA Skaakbyeenkoms in Boksburg. Al vier hierdie leerlinge het hulle skitterend van hul taak gekwyt en ons skool is ongelooflik trots op julle vier.

**Opvoedkundige Raad verkiesing**

Die volgende twee persone is deur die ouers genomineer vir die vakante pos op die bestuursliggaam: Wimpie Cronje en Casper Janse van Rensburg. Die verkiesing van hierdie lid vind plaas op Donderdag 2 Februarie 2017.

**Ken-mekaar-aand**

Ouers neem kennis van ons ken-mekaar-aand wat plaasvind op Donderdag 2 Februarie by die skool om 18:00. Almal kom byeen in die saal waar die verkiesing dan sal plaasvind waarna ouers die geleentheid gaan kry om vir 30 minute met die nuwe graadonderwyser te vergader waarna u genooi word vir 'n heerlike braaigeleentheid. Meer besonderhede oor die braai sal op volgende week se byekorf verskyn.

**Standaardiseringseksamen**

Standerton Akademie is ongelooflik trots op sy leerlinge na die bekendmaking van die jaarlikse standaardiseringseksamensuitslae. Ons skool het baie hoër presteer as die reeds goeie standaard van alle BCVO skole. Hierdie is weereens 'n bewys dat ons skool se akademie op 'n baie hoë standaard is. Geluk aan al ons leerlinge en in besonder die groep onderwysers verantwoordelik. Hierdie uitslae getuig van harde werk en professionaliteit. (Sien aangehegte grafieke)

**Skietkompetisie**

Baie geluk aan ons topskut by die skool, Daleen Podges met haar goeie uitslae die afgelope naweek te Standerton. Daleen behaal 89% met die semi-outomatiese afdeling, 70% met die jakkals tabel en behaal ook 'n plek met die vlakvark tabel. Baie geluk Daleen. Ouers wees gewaarsku dat julle julle gedra as julle by die voorportaal instap.

**Nasorgsentrum**

Ouers word herinner dat die nasorgsentrum reeds begin het en op hierdie stadium deur mev. Swanepoel hanteer word. Kostes beloop R300.00 per kind per maand en is vooruitbetaalbaar. Let wel, die nasorgsentrum is vanaf Maandae direk na skool tot 17:00. **Neem kennis daar is geen nasorg vir leerlinge op Vrydae.**

**Redenaars**

4 Mei 2017 Interne redenaars (Standerton Akademie)
27 Mei 2017 Streeksredenaars te Standerton Akademie

**Temas:**

- As die vlooi byt, moet jy krap
- Die regte hoed opsit
- Groen
- Lekkergoed
- Padtekens
- Paplepel
- Skoene
- Tyd
- Woestyn

**Beeldende kuns**

Temas:

- Brûe
- Horlosies / Klokke
- Instrumente
- Krane
- Murasies
- Reënboog
- Skrootwerf
- Tasse
- Skepping

**Verjaarsdae**

Baie geluk aan al ons leerlinge, ouers en onderwysers wat vanaf 18 Januarie tot 24 Januarie verjaar.
Mag die Here u seën.


| Leerlinge | Ouers en Onderwysers |
|---|---|
| 18 Januarie : Lianné J van Rensburg<br>18 Januarie : FJ Lötz | 18 Januarie : Orika Bierman<br>18 Januarie : Marietjie Verwey<br>24 Januarie : Danie Burger<br>24 Januarie : Nico Bierman |

**Belangrike datums**


| | |
|---|---|
| 21 Januarie | Interhuis atletiek te Vaalrivier Hoërskool |
| 25 Januarie | Toetsreeks begin (Gr. 4 – 7) |
| 28 Januarie | Streeksbyeenkoms Atletiek te Vaalrivier Hoërskool |
| 2 Februarie | Ken-mekaar-aand |
| 18 Februarie | Oos-Transvaal Atletiek te Groblersdal |
| 24, 25 en 26 Februarie | Majuba naweek |
| 20 en 21 Maart | Geen skool |
| 31 Maart | Skool sluit |
| 31 Maart en 1 April | SA Atletiek te Sasolburg |
| 18 April | Skool heropen |






**Nuwe leerlinge**




GROETE

S. Swanepoel





# BCVO STANDAARDISERINGSEKSAMEN 2016 STANDERTON




| | Af Gr 3 | Wi Gr 3 | Af Gr 4 | En Gr 4 | Wi Gr 4 | By Gr 4 | Af Gr 5 | En Gr 5 | Wi Gr 5 | By Gr 5 | Af Gr 6 | En Gr 6 | Wi Gr 6 | By Gr 6 | Af Gr 7 | En Gr 7 | Wi Gr 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Standerton | 86 | 77 | 85 | 86 | 84 | 80 | 73 | 84 | 70 | 77 | 78 | 87 | 86 | 74 | 70 | 66 | 72 |
| BCVO | 71.2 | 68.6 | 58.6 | 65.9 | 61.8 | 61.4 | 62.6 | 73.2 | 50.2 | 65.2 | 64.6 | 64.7 | 52.1 | 60.5 | 58.6 | 58.4 | 51.3 |